OVERBERG TEHUIS

'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

De la Vignestraat 40, Riviersonderend, 7250
Tel: 0281230 /-1231
Epos: info@overbergtehuis.co.za

JAARVERSLAG



"*Dankbare Hande*"
Tannie Anna Langenhoven

1 April 2025 TOT 31 Maart 2026

OMGEE SONDER END - CARE WITHOUT END

Badisa

BADISA OORSIG 4

OVERBERG TEHUIS 5

1. VOORWOORD 5

2. BEHEERRAAD & KOMITEES 6

2.1 BEHEERRAAD LEDE 6

2.2 BEHEERRAAD DAGBESTUUR 6

2.3 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE FINANSIES, GROND & GEBOUE EN VEILIGHEID 6

2.4 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE VERPLEGING & HUISHOUDELIK 6

3. **INWONERS** Getalle soos op 31 Maart 2026 7

3.1 PROFIEL VAN INWONERS IN TEHUIS 7

3.2 INWONERS OPGENEEM 7

3.3 INWONERS TEHUIS VERLAAT 7

3.4 INWONERS HUISKOMITEE 7

3.5 INWONERS OORLEDE 8

3.6 INWONERS TYDPERK IN TEHUIS 9

3.7 WOONSTELLE 9

4. PERSONEEL 10

4.1 BESTUURSPAN 10

4.2 KOMBUIS & SKOONMAAKDIENS 10

KOMBUIS 10

WASKAMER 10

SKOONMAKERS 10

TUINIER 10

4.3 VERPLEEG AFDELING 10

5. BESTUURDER VERSLAG 11

6. FINANSIËLE VERSLAG 12

6.1 INKOMSTE 12

6.2 UITGAWES 12

6.3 FONDSWERWING 17

7. HUISHOUDELIKE VERSLAG 19

8. VERPLEGING VERSLAG 20

9. AKTIWITEITE EN BEDANKINGS 22

9.1 AKTIWITEITE 22

9.2 BEDANKINGS 22


Afhanklikheid van middels.
Vrywilligers
Versprei vreugde en hoop.
Befondsers
Maak 'n positiewe impak.
Sosiale Dienste vir almal
Waardigheid. Met Hart.
Gestremde Sorg
Geestelike & Fisiese. Ons ondersteun elkeen se vermoëns.
'n Reis na 'n nuwe lewe.
Sosiale Dienste
Verbind alles aan mekaar.
Alternatiewe Sorg
Dieselfde liefde, maar ander gesinne.
Dienste aan Ouer Persone
Jou huis is in jou hart – ons stap saam met jou.
Kinder- & Gesinsdienste
Ons herstel families, ons beskerm kinders.
Badisa Personeel
Werk altyd. Altyd daar.
Jy hoort hier.

BADISA OORSIG

Badisa verbind mense en gemeenskappe deur sewe operasionele streke en bied professionele en deernisvolle sorg oor drie provinsies.

130+ Programme
70+ Dorpe
3 Provinsies
7 Bedryfsstreke
(*Suid-Kaap, Overberg, Boland, Skiereiland, Sentraal-Karoo, Weskus, Noord-Kaap, Geselekteerde Oos-Kaap*)

Ons mense en impak

3 789 personeel
2 532 vrywilligers
836 Lede van die Bestuursliggaam

Mense bereik deur Badisa se dienste

620 203 mense bereik deur vyf diensklusters

Kinder- en Gesinsdienste	575,697
Dienste vir Ouer Mense	25 870
Middelafhanklikheid	12 900
Gestremdheidssorg	2 925
Alternatiewe Sorg	2,811

Mense wat die reis aan die gang hou

2 532 vrywilligers

Kinder- en Jeugprogramme	156
Programme vir Ouer Persone	812
Dienssentrums	233
Magdalenahuis	47
Regeringsrade	836
Middelverslawingsprogramme	20
Programme vir Persone met Gestremdhede	39
Maatskaplike Werkkantore	151
Little Seeds (Vroeë Kinderontwikkeling)	238

Badisa is 'n gesamentlike program vir deernis (compassion)

Gestig in 2003 met die samesmelting van twee eeue oue afsonderlike Organisasies Sonder Winsoogmerk (OSW); NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland).
VGK in SA (Kaapse Sinode): Diakonale Dienste
DRK (Wes- en Suid-Kaap) CMR

"BADISA" is die samestelling van 3 woorde: **BA**rmhartigheid, **DI**enste, **SA**am
"BADISA" is ook 'n Tswana woord wat Herder of Versorger beteken.

- Geloof gebaseer met 'n spesifieke waardekonteks
- Geregistreerde nie-winsgewende organisasie - een regspersoon
- Verskaf professionele maatskaplike welsynsdienste op programvlak
- Funksioneer binne 'n regulatoriese omgewing van wetgewing, beleide en statutêre vereistes
- Bestuurspan wat strategiese leierskap en taktiese leiding/ondersteuning verskaf

Jesaja 41:13 Want Ek, die HERE jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou.

OVERBERG TEHUIS

VISIE

OMGEE SONDER END - CARE WITHOUT END

Die bevordering van aktiewe en menswaardige veroudering.

MISSIE

Voorsiening van ‘n Christelike Tuiste met volle versorging aan alle verswakte en sorgbehoewende ouer persone in die gemeenskap deur gelukkige en tevrede personeel.

Ouer persone word ondersteun om as deel van die samelewing kwaliteit lewens te lei en om hul menswaardigheid te behou.

WAARDES

Toewyding om te dien: Aan mense in nood, relevant, bekostigbaar, nie-diskriminerend (ras, geslag, godsdienstige affiliasie)

Geregtigheid: Regverdigheid; waardigheid; vermy alle vorme van diskriminasie

Uitnemendheid: Die allerbeste diens aan die verbruiker/kliënt; kwaliteit; dienste relevant, volhoubaar en effektief is; spanwerk; doeltreffende kommunikasie

Rentmeesterskap (aanspreeklikheid): Verantwoordelik; eerlik; persoonlike aanspreeklikheid; integriteit

Jes 1:17 leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.

1. VOORWOORD



Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk op die afgelope finansiële jaar en net weer in verwondering staan voor God se voorsienigheid.

Elke jaar probeer ons na die beste van ons vermoë die balans vind tussen barmhartigheid en volhoubaarheid en dit bly ons grootste uitdaging omdat daar soveel goed gebeur buite ons beheer. Ons doen ons bes en die res is suiwer genade. “ Aan Hom deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe…”Ef 3:20

Ons is geseënd met personeel wat die ekstra myl loop om Overberg Tehuis ń tuiste te maak vir ons inwoners en ons is dankbaar vir julle. ’n Baie groot dankie ook aan André Potgieter, ons Bestuurder vir sy leierskap, harde werk en deernis vir ons inwoners, ons waardeer jou.

Ons is gelukkig om wonderlike lojale Donateurs te hê en ń gemeenskap wat ons fondsinsamelings dryf en ondersteun. Baie dankie vir julle onbaatsugtige diens.

Dankie ook aan die Beheerraad wat altyd bereid is om Overberg Tehuis se belange te dien en so ń goeie span is. Julle is ysters! Laaste maar nie die minste nie, dankie aan elke inwoner wat gekies het om Overberg Tehuis hul tuiste te maak, julle is kosbaar vir ons.

Elsabe Eksteen

Voorsitter Beheerraad

Joh 1:5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

2. BEHEERRAAD & KOMITEES

Ons Beheerraad is vrywilligers wat hul tyd, energie en kennis tot beskikking van die Tehuis stel. Hulle neem besluite oor die Bestuur van die Tehuis volgens riglyne wat deur Badisa daargestel word.

2.1 BEHEERRAAD LEDE

Me. Elsabé Eksteen - Voorsitter
Mnr. Chris Coert - Onder-Voorsitter
Mnr. Christo Groenewald - Tesourier
Me. Esther Eybers - Lid
Me. Landi Viljoen - Lid
Me. Tania Joubert - Lid
Mnr. Theunis Human - Lid
Mnr. Abe Sheldon - Lid
Mnr. André Potgieter - Bestuurder
Me. Kinnie Matthysen - Admin/Boekhouer










2.2 BEHEERRAAD DAGBESTUUR

Me. Elsabé Eksteen
Mnr. Chris Coert
Mnr. Christo Groenewald
Mnr. André Potgieter
Me. Kinnie Matthysen

2.3 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE FINANSIES, GROND & GEBOUE EN VEILIGHEID

Me. Elsabé Eksteen
Mnr. Chris Coert
Mnr. Christo Groenewald
Mnr. Theunis Human
Mnr Abe Sheldon
Mnr. André Potgieter
Me. Kinnie Matthysen

2.4 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE VERPLEGING & HUISHOUDELIK

Me. Elsabé Eksteen
Me. Landi Viljoen
Me. Esther Eybers
Me. Tania Joubert
Sr. Maritha van der Wal / Sr. Lidia Titus
Me. Lamees Blom
Mnr. André Potgieter
Me. Kinnie Matthysen

3. **INWONERS** Getalle soos op 31 Maart 2026

3.1 PROFIEL VAN INWONERS IN TEHUIS

Totaal	: 37	
Geslag verdeling	: Mans	: 10
	: Vroue	: 27
Rasse verdeling	: Bruin	: 6
	: Swart	: 0
	: Wit	: 31
Ouderdom	: onder 60 jaar	: 3
	: 60—69 jaar	: 3
	: 70—79 jaar	: 10
	: 80—89 jaar	: 11
	: 90+ jaar	: 10
Ekonomies	: 15	
Sub-Ekonomies	: 22	
Graad van Verswaktheid	: Groep 1 : 2	
	: Groep 2 : 4	
	: *Groep 3 : 31	

*Groep 3 = mees verswakte

3.2 INWONERS OPGENEEM

Ons het die volgende inwoners gedurende die boekjaar verwelkom:

EM van Rooyen	: 28 April 2025
CE Burger	: 1 Mei 2025 (Tehuis voorheen woonstel)
BA Swart	: 24 Augustus 2025
GJ Olwage	: 21 September 2025
CH Sandenbergh	: 6 Oktober 2025 (Noodkamer)
CH Vosloo	: 29 Oktober 2025
CC Groenewald	: 31 Oktober 2025
CH Bezuidenhout	: 17 Januarie 2026
AA Bezuidenhout	: 17 Januarie 2026
SJ Viljoen	: 8 Februarie 2026 (Tehuis voorheen woonstel)
FS Plaatjies	: 18 Februarie 2026 (Noodkamer)
A Burden	: 31 Maart 2026 (Noodkamer)

3.3 INWONERS TEHUIS VERLAAT

Clive Humphrey Sandenbergh – Noodkamer (31 Oktober 2025)
Francina Susanna Plaatjies – Noodkamer (5 Maart 2026)

3.4 INWONERS HUISKOMITEE

Me. Dialina Human	- Voorsitter
Mnr. Hannes Franken	- Onder-Voorsitter
Mnr. Wessel Swart	- Sekretaris
Me. Petro Schonfeldt	- Tesourier (vanaf 13 Mei 2025)
Mnr. Ramon Stipp	- Lid (tot 28 Augustus 2025)
Me. Elana Human	- Lid
Mnr. André Potgieter	- Bestuurder
Me. Kinnie Matthysen	- Admin/Boekhouer
Me. Lamees Blom	- Voedseldiensmatrone
Sr. Maritha van der Wal	- Hoof Verpleegkundige

3.5 INWONERS OORLEDE

Ons harte is swaar van simpatie, aanvaar asseblief ons innige meegevoel met die afsterwe van u geliefde.

Naomi Conradie	29 Mei 2025
Elizabeth Susanna de Kock	7 Junie 2025
Maria Johanna Catharina Jacobs	13 Junie 2025
Magel Gertruida van Niekerk	23 Julie 2025
Jannie Erasmus	23 Julie 2025
Susarah Johanna Lourens	07 Augustus 2025
Asler Swanepoel	20 Augustus 2025
Ramon Peter Stipp	28 Augustus 2025
Elizabeth Susanna Magdalena Beukes	10 Desember 2025
Basil Alexander Swart	17 Januarie 2026
Stephanus Jacobus van Aswegen	06 Februarie 2026
Susarah Cornelia de Klerk	08 Februarie 2026



























Jer 31:25 Want Ek verkwik die vermoeide siel en elke kwynende siel versadig Ek.

3.6 INWONERS TYDPERK IN TEHUIS

Naam	Opname Datum	Jare
Fransiena Vaaltyn	Augustus 10, 2004	21.7
Sharnester Whayed Afrikaner	Oktober 1, 2005	20.5
Quintis Albertus van Zyl	Februarie 9, 2006	20.2
Anna Judith Gertruida Langenhoven	Junie 1, 2006	19.8
William James Fullard	Maart 3, 2008	18.1
Dorethea Regina Lourens	Oktober 19, 2010	15.5
Stephanie Maria de Villiers	Februarie 16, 2011	15.1
Davina Petronella Groenewald	Augustus 1, 2012	13.7
Mary Margaret Eliza de Wet	Februarie 18, 2013	13.1
Maria Johanna Catharina Jacobs	Januarie 3, 2015	10.5
Asler Swanepoel	Julie 8, 2015	10.1
William James Bawden	Maart 1, 2018	8.1
Jannie Erasmus	Maart 1, 2018	7.4
Louisa Juliana Jacobs	Februarie 1, 2020	6.2
Susarah Cornelia de Klerk	Augustus 1, 2020	5.5
Wessel Adriaan Swart	September 1, 2020	5.6
Naomi Conradie	Oktober 2, 2020	4.7
Elizabeth van Wyk	Desember 28, 2020	5.3
Dialina Human	Januarie 29, 2021	5.2
Magel Gertruida van Niekerk	Mei 1, 2021	4.2
Albertha Adriana Maunder	Oktober 1, 2021	4.5
Moira May Smorenburg	Oktober 1, 2021	4.5
Francina Cecilia Kleynhans	Mei 31, 2022	3.8
Petrus Benjamin Jordaan	Junie 14, 2022	3.8
Elizabeth Johanna van Zyl	Junie 25, 2022	3.8
Elizabeth Susanna Magdalena Beukes	Julie 23, 2022	3.4
Stephanus Jacobus van Aswegen	Februarie 1, 2023	3.0
Johanna Maria Bestbier	Junie 10, 2023	2.8
Magrieta Wilhelmina Goosen	Julie 18, 2023	2.7
Hester Kathrina Boshoff	Augustus 01, 2023	2.7
Elizabeth Susanna de Kock	Augustus 14, 2023	1.8
Johanna Petronella Beukes	Januarie 26, 2024	2.2
Susarah Johanna Lourens	Maart 13, 2024	1.4
Joan Patricia Cronje	Maart 26, 2025	1.0
Elsie Baartman	Oktober 21, 2024	1.4
Hendrik Baas	Januarie 6, 2025	1.2
Gavin John le Roux	Maart 24, 2025	1.0

(Uitgesluit nuwe opnames)

3.7 WOONSTELLE

Die woonstel inwoners is as volg:

Woonstel 1 : Me. CE Burger (1 Februarie 2019 – 30 April 2025)
Woonstel 2 : Mnr. RP Stipp (24 September 2022 – 28 Augustus 2025)
: Me. MJM Louw (27 Oktober 2025)
Woonstel 3 : Me. SJ Viljoen (1 Oktober 2020 – 08 Februarie 2026)
Woonstel 4 : Me. EM Strauss (1 Maart 2024 – 31 Mei 2025)
Woonstel 5 : Mnr. J Franken (1 Augustus 2009)
Woonstel 6 : Me. MM du Toit (1 Junie 2006)

PROFIEL

Totaal in woonstelle		: 3
Geslag verdeling	: Mans	: 1
	Vroue	: 2
Rasse verdeling	: Wit	: 3
	Bruin	: 0
	Swart	: 0

4. PERSONEEL

4.1 BESTUURSPAN

Mnr. A Potgieter - Bestuurder (1 Maart 2022)
Me. E Matthysen - Admin/Boekhouer (5 Augustus 2024)
Me. L Blom - Voedseldiensmatrone (1 Augustus 2007)
Sr. M van der Wal - Suster-in-Bevel (1 Maart 2020)

4.2 KOMBUIS & SKOONMAAKDIENS

KOMBUIS
Me. Caroline van der Heyde (1 Maart 2003)
Me. Elinda Michaels (13 Januarie 2024)
Me. Le-Ann van der Heyde (24 Januarie 2019)
Me. Zané Eksteen (Galant) (1 September 2020)

WASKAMER
Me. Fredeline Albridge (1 Junie 2015)

SKOONMAKERS
Me. Zenobia van Zyl (22 Januarie 2019)
Me. Liesel Visser (1 Julie 2020)
Me. Magdalena Mintoor (1 April 2023)
Me. Venérra Cemonia Sebonka—Aflos (201Augustus 2024)

TUINIER
Mnr. Jonathan Lewies – Aflos (1 Junie 2017)
Mnr. Yoganathan Amsterdam (1 April 2024)

4.3 VERPLEEG AFDELING

Sr. Maritha van der Wal - Suster-in-Bevel (18 Julie 2022)
Sr. Lidia Titus—Suster (25 Augustus 2025)
Me. Nazleigh Jacobs – Ingeskrewe Verpleegkundige (1 Mei 2025)
Me. Sarina Daniels - Saalhulp (16 November 2016)
Me. Brümilda Tiemie - Saalhulp (1 September 2017)
Me. Renay Ganga - Saalhulp (1 Desember 2019)
Me. Mouseline Harmse - Saalhulp (1 Julie 2021)
Me. Marizanne Mento - Saalhulp (1 Januarie 2016)
Me. Nadia Opperman - Saalhulp (1 Januarie 2014)
Me. Leoni Philander - Saalhulp (1 Januarie 2018)
Me. Esme Philander - Saalhulp (1 Augustus 2007)
Me. Railene Plaatjies - Saalhulp (1 Julie 2012)
Me. Monique Oliver - Saalhulp (22 Junie 2022 – 25 November 2025)
Me. Lizel Davids - Saalhulp (1 Mei 2023)
Me. Lehandré Spandeel- Saalhulp (18 Desember 2023)
Me. Leandré Bokwana- Saalhulp Aflos (30 Januarie 2024)
Me. Jodene Hoffman - Saalhulp Aflos (20 Julie 2024)
Me. Elizma Poola – Saalhulp Aflos (16 April 2025)
Me. Chantelle Coetzee – Saalhulp Aflos (1 April 2025)

5. BESTUURDER VERSLAG



Een ding wat ek as Bestuurder terdeë besef het in hierdie jaar, was dat ’n span wat saamwerk ’n groot verskil kan maak. Nie net het ons as Personeel saamgewerk nie, maar ook het die Beheerraad ons hande gevat en ons sterk gemaak om te kan doen wat ons die beste kan doen: omgee sonder end.

Die Here het op besonderse wyses voorsien uit die rykdom van Sy genade, en dit is nou maar seker dat ons menige maal wonderwerke aanskou het waar die Here vir ons deurgekom het.

In ’n gemeenskap soos Riviersonderend voel almal wat dit is as dit ’n moeilike jaar is vir die landboubedryf. Net so het die NG Kerk se finansies gesukkel en moes die gemeenskap inspring en ’n bydrae maak om die kerk se deure oop te hou. Dit het beteken dat die Tehuis wel nie die finansies kon invorder soos gewoonlik nie, en was dit nie vir die vorige jare se reserwes nie, dan sou ons werklik ’n ander jaar beleef het. Julle sal merk dat ons op die finansiële verslag ’n algehele verlies gehad het van -R436,862. Dit bring mee dat ons reserwefondse nou uitgeput is en kan ons net op die Here se voorsiening staatmaak vir die volgende jaar.

Isa 43:18-19 Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak ‘n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.

Ons het in lief en leed gedeel van ons Inwoners, Families en Personeel wat geliefdes aan die dood afgestaan het, waarvan 12 van ons Inwoners was. Ons wens die Families en Personeel sterkte toe en berusting in die wete dat hulle versorg is tot op die einde met toewyding, deernis en liefde.

Die afgelope jaar kon ons ’n verskil maak in 54 Inwoners en hulle Families se lewens. Dankie aan die Beheerraad, Gemeenskap en Donateurs vir julle bystand en hulp.

Mag die Here ons seën en gebruik in die groot taak wat ons het.

Andre Potgieter

Bestuurder

6. FINANSIËLE VERSLAG



Vir die ekonomiese volhoubaarheid van Overberg Tehuis, ‘n organisasie sonder winsoogmerk, speel donasies, fondswerwing en subsidie vanaf die Departement Maatskaplike Dienste (Staat) ‘n baie belangrike rol. Fondswerwing het R 425,021 ingesamel en ons het R 553,339 met donasies/skenkings ontvang.

6.1 INKOMSTE

Daar was ‘n 8.85% daling op die losies inkomste aangesien ons woonstelle en kamers gehad het wat oop/leeg was vir die grootste gedeelte van die finansiële jaar.

Ons het gelukkig ‘n verhoging op ons staatsubsidie gehad van 12.78% in vergeleke met die vorige jaar. In totaal het ons inkomste gedaal met 5%.

6.2 UITGAWES

Personeel uitgawes is steeds die grootste persentasie (64.88%) uitgawe van Overberg Tehuis.


Naas die salarisse is grond en geboue(15.11%) en huishoudelike (14.08%) afdelings die twee grootste ander uitgawes. Oor die algemeen is beide die grond en geboue, sowel as die huishoudelike uitgawes minder as die vorige jaar.


In totaal is ons uitgawes op met 5.90%. Ten spyte van groot uitdagings het ons groot dankbaarheid en alle eer aan ons Hemelse Vader dat Hy steeds bly voorsien.

Ons het afgesluit met ‘n tekort van R 436,862.

Die finansiële state vir die boekjaar 2025/2026 is ter insae beskikbaar by die admin-kantoor en kan ook op aanvraag aan u per epos gestuur word.

Elizabeth Matthysen
Admin / Boekhouer







Theron du Plessis Durbanville Inc.
Charted Accountants (SA)
Reg No 1999/017031/21.
Practice number 963763.
Bueno Vista Office Park, cnr Durban and Kendal Roads, Durbanville, 7550
P.O.Box 3737, Tygervalley, 7536
Tel: +27 (0)21-3737 / 087 378 1263
info@tdpca.co.za
www.tdpca.co.za

OVERBERG TEHUIS 14

GEDETAILLEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2026

	Aant	2026 R	2025 R
INKOMSTE			
LOSIESGELDE		3,369,419	3,696,717
Tehuis		2,809,751	2,942,944
Woonstelle		559,668	753,773
DONASIES EN BEMAKINGS		553,339	531,626
Individue		450,651	99,734
Gemeenskapskas		50,000	-
Erflatings		13,733	330,494
Goedere in natura		38,955	101,398
ADMIN- EN BOEKHOUFOOIE ONTVANG		7,088	9,167
DIVERSE INKOMSTE		54,511	48,599
BTW ONTVANG		-	5,556
PERSONEELFONDS - ONTVANG		5,000	-
VERHALING VAN UITGAWES		33,626	36,300
FONDSINSAMELING		425,021	458,481
RENTE ONTVANG		93,511	99,000
VERKOOP VAN PRODUKTE : BRUTO WINS		101,001	159,851
VERSEKERINGSEISE ONTVANG		23,245	48,003
SUBTOTAAL		4,665,761	5,093,300
Staatsubsidies	8	1,096,239	971,982
BEDRYFSINKOMSTES TOTAAL		5,762,000	6,065,282
UITGAWES			
SALARISSE		3,792,391	3,257,659
Administratief		228,777	211,807
Huishoudelik		1,209,594	1,187,942
Professioneel		1,727,081	1,340,148
Bonusse		219,032	171,699
Mediesefondsbydraes		61,661	38,835
Pensioenfondsbydraes		278,184	237,543
Werkloosheidsversekeringsfonds		64,299	27,552
Vergoedingskommissaris		6,168	8,867
Verlofgelde		-	33,871
Toename/(Afname) in verlofvoorsiening		36,035	7,864
Personeelontwikkeling		7,057	31
ETI		(45,497)	(8,500)
Subtotaal oorgedra		3,792,391	3,257,659

GEDETAILLEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2026 (vervolg)

	Aant	2026 R	2025 R
Subtotaal oorgebring		3,792,391	3,257,659
VERVOERUITGAWES		26,136	41,756
Brandstof		15,586	19,210
Versekering en lisensies		10,550	22,546
KANTOORUITGAWES		320,565	320,624
Huur betaal		11,084	10,076
Boeke en tydskrifte		3,878	4,299
Drukwerk en skryfbehoeftes		16,665	24,768
Heffings, registrasie en affiliasie		36,392	32,858
Huur van toerusting		80,178	76,407
Onderhoud kantoortoerusting		1,530	-
Telefoon en posgeld		77,323	66,976
Versekering		26,021	12,237
Vervangings		5,173	23,366
Rekenaaruitgawes		13,912	18,023
Kleingereedskap		16,681	12,749
Ander kantooruitgawes		31,728	38,865
GROND EN GEBOUE		883,547	1,002,964
Instandhouding		232,925	411,385
Munisipale dienste en ander uitgawes			
- Elektrisiteit en gas		524,700	456,706
- Water en sanitasie		61,417	78,668
- Vullisverwydering		10,915	9,743
Versekering		53,590	46,462
HUISHOUDELIKE UITGAWES		822,965	884,703
Was en skoonmaak		50,627	51,016
Kruideniersware		548,552	544,876
Linne		93,329	113,337
Klerasie		35,917	38,924
Medies		21,117	42,382
Onderwys, uitstappies en ontspanning		8,410	8,816
Onderhoud		29,714	16,673
Vervangings		10,122	41,252
Doeke aankope		4,500	18,494
Inwonersfonds spandering		20,677	8,933
Subtotaal oorgedra		5,845,604	5,507,706

GEDETAILLEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2026 (vervolg)

	Aant	2026 R	2025 R
Subtotaal oorgebring		5,845,604	5,507,706
SPESIALE DIENSTE		161,053	164,038
Bankkoste		22,929	19,708
Fondsinsameling		103,558	60,592
Konsultasie en professionele fooie		10,044	54,772
Openbare skakeling en bemarking		2,946	9,753
Ouditfooi		21,430	18,210
Rente betaal		-	3
Diverse		146	-
Ander spesiale dienste		-	1,000
UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERING		6,006,657	5,671,744
WAARDEVERMINDERING		72,439	83,011
Meubels en toerusting		13,159	13,164
Rekenaartoerusting		4,993	2,913
Motorvoertuie		36,668	47,185
Energieverwante toerusting		17,619	19,749
BEDRYFSUITGAWES TOTAAL		6,079,096	5,754,755
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR			
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(317,096)	310,527
KAPITALE BESTEDING		(49,475)	(49,987)
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) NA KAPITALE BESTEDING		(366,571)	260,540
ONGEREALISEERDE SURPLUS / (TEKORT) IN BELEGGINGS		117,435	97,113
BEWEGINGS IN SPESIALE RESERWEFONDSE			
Verhalings uit:		-	241,922
- Motorvervangingsfonds		-	239,786
- JJ Groenewaldsfonds		-	2,136
Ander bewegings:		(187,726)	(163,981)
- Oordrag van (toename) / afname in beleggings		(117,435)	(97,113)
- Oordragte van rente op spesiale reserwefondse		(70,291)	(66,868)
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(436,862)	435,594

6.3 FONDSWERWING

Ons sê baie dankie aan elkeen wat ‘n bydrae gemaak het om die fondsinsamelings moontlik te maak.

17/04/2025 – Hotcross Buns
16/05/2025 – Vetkoek & Sop
16/05/2025 – Rietpoel platters
21/05/2025 – Rietpoel platters
17/06/2025 – Rietpoel
18/06/2025 – Rietpoel
17/07/2025 – Rietpoel platters
08/08/2025 – Rietpoel platters
20/08/2025 – Rietpoel (Graan SA)
21/08/2025 – Rietpoel platters
22/08/2025 – Kerrie Vetkoek (Hoërskool Riviersonderend)
29/08/2025 – Sop & Vetkoek
27/09/2025 – Skietdag
02/10/2025 – Braai Ete
14/11/2025 – Vetkoeke (Hoërskool Riviersonderend)
28/11/2025 – Witolifante & Worsrolletjies
06/12/2025 – Gholfdag
29/01/2025 – Rietpoel (GraanSA)
13/02/2026 – Vetkoeke (Hoërskool Riviersonderend)
19/02/2026 – Rietpoel platters
27/02/2026 – Kerrie Vetkoek
17/03/2026 – Overberg Agri Caledon
26/03/2026 – Jaffels (Huiskomitee)

‘n Spesiale woord van dank aan Lamees Blom, Voedseldiensmatrone vir haar onbaatsugtige bydrae tot die sukses van elke funksie en haar span wat haar ondersteun. Sy is voorwaar ‘n raakvatter en aanwins vir Overberg Tehuis.



Overberg Tehuis jaarlikse Ghofdag 2025
se wen span, die Bombsquad, wel gedaan.



Adri Beyers
AECI
Agri Technovation
André Botes
Annelie Swart
aQuellé
AVBOB, Caledon
Bernard Groenewald
Caricas Superette
Coenie Matthysen (Seeff)
Dasberg Boerdery
Dico Human
Dieter & Werner Spies
Dorwald Boerdery
Dr Phillip en Hanna du Preez
Eksteen Boerdery
Elsabé Eksteen
Equalizer AG
Fireproof Training Academy
Hannes Groenewald
Helma Malan
Henriette Swart
Hoek's TOYOTA, Swellendam
Human Landboudienste
Ian le Roux
Jawes Boerdery Pty Ltd
JD Implemente (John Deere), Swellendam
JW Worx
Karien Visagie Attorneys Notaries Conveyancers
Kingwill Cheese
Klapmutskop Boerdery
Kleinberg Hardeware
Korenhof Merinos
Kynoch / JD Agri Produkte BK
Laeveld Agrochem
Leonard Solms
Marelize Wessels Eiendomme
Mari's Fudge
MD Accommodation Finder
MTN, Caledon
Neels Nel
Nico Human
Nila du Toit
OTEK / Ozone Technologies (Pty) Ltd
Overberg Agri, Riviersonderend
OVK Vesel/Wol
P & B Lime Works
Packtown, Bredasdorp
Perdigon
ProVérte Risk Management
RAKA Wine
Red Cliffs Trading 39cc (Caricas)
Schalk Viljoen
SOILL
SSK
Stipp Apteek
SWD Connect
Tania Joubert
The Pro Shop, Somerset West
Thornlands
Tyre Mart RSE
Villet RSE (EDMS) BPK
Virbac
Vision Electrical
Voetspore Gastehuis, Yzerfontein
Willie Bester
Willie Griessel
Willie Groenewald
WP Fresh
Zachi (Liezl) van Deventer

40 De la Vigne Street, Riviersonderend, 7250
Tel/Fax: 028 261 1231 /-1230
Email: info@overbergtehuis.co.za
www.overbergtehuis.co.za
Registered non-profit organization (NPO 011-891)
Public Benefit Organisation (930006348)
ABSA Bank, Cheque, Branch Code: 632 005, Account no: 404 968 3510
VAT no: 4350 115 202

Badisa

7. HUISHOUDELIKE VERSLAG



Ek wil elkeen persoonlik bedank vir julle harde werk en toewyding tydens die afgelope boekjaar. As Voedseldiensmatrone is ek ongelooflik trots op die hoë gehalte kos wat julle voor sit vir Inwoners. Baie dankie van my kant vir die hele Huishoudelike span vir julle ondersteuning met die voorbereiding van die spyseniering. Dit is vir my ‘n groot voorreg om deel te wees van julle span en dat julle altyd bereid is om die ekstra myl te loop.

‘n Groot dank aan die gemeenskap wat altyd vrygewig is met donasies vir die Tehuis.

Baie dankie vir Fredeline Albridge vir 10 jaar en jou hulp met elke fondswerwing waarmee jy dit met liefde gedoen het, ons waardeer jou.

Baie dankie vir almal se insette en spangees.

Welgedaan!

Die afgelope boekjaar is ‘n totaal van 40,350 etes soos volg voorsien:

Ontbyt	12,956
Middagete	13,898
Aandete	13,030
Buite Persone	466

Lamees Blom

Voedseldiensmatrone



8. VERPLEGING VERSLAG



"Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op." Psalm 37:23-26

Die versorgingspan is daagliks onder groot druk, maar tog bly hulle positief en probeer hulle in elke swak of uitdagende situasie die mooi of die humor daarvan met groot dankbaarheid raaksien. Ek is dankbaar vir elkeen van hulle wat soms moeg en moedeloos van diens af gaan, maar tog die volgende dag met nuwe moed en liefde weer aan diens kom.

Verandering is deel van hul lewe. Geliefde inwoners sterf of verhuis na ander heenkome. Inwoners verswak en vereis meer sorg. Maar ons onthou dat elke dag 'n dag is wat die Here gemaak het, en ons is dankbaar daarvoor.

Dankie vir die ondersteuning en omgee van ons bestuur, mnr. Potgieter, en Kinnie in die kantoor. Dankie ook aan Lamees en haar huishoudelike span. Sonder hulle is ons werk onvoltooid.

Die families van ons inwoners se dankbaarheid laat ons nederig voel.

Aan die Beheerraad wat uitgetree het, en aan dié van u wat weer nuut en nuut is: dankie dat u vir ons inwoners en vir ons as werkers omgee.

Ek wens vir almal toe dat ons mooiste herinneringe altyd mooier sal wees as ons donkerste oomblikke.

Groete

Maritha van der Wal

Professionele Verpleegkundige (Suster in bevel)



Tehuis Getalle (soos op 31 Maart 2026)

Bedlêend	Totaal	2
	Semi	6
	Op en rond	29
Beweging	Onafhanklik	7
	Met hulp	13
	Rolstoel	17
Voeding	Onafhanklik	27
	Afhanklik	10
Stort: / Volwas	Onafhanklik	10
	Met hulp	27
Aantrek	Onafhanklik	10
	Afhanklik	27
Inkontinent	Doeke	14
	Pads	1

Suprapubiese Kateter sorg 1
Peritoniale Dialise sorg 1

Sterfgevalle : 12
Toelatings : 9

Woonstel Getalle
Selfsorg : 3

Rede vir neem van Medikasie en Diagnose(s)

Nierversaking , Anemies, Osteo en Rumatoid Arthritis, Diabetes mellites, Depressie, Epilepsie, Hartsiektes, Hipertensie, Serebrale Palsy, Demensie, Kroniese Pyn, Borskanker, Beroerte, Gloukoom, Kroniese Hardlywigheid, Ekseem, Parkinsons se siekte, Hipertirolisme, Kroniese Pankreatitis

9. AKTIWITEITE EN BEDANKINGS

9.1 AKTIWITEITE

Deurlopende musiek aan inwoners
Voet spa en hande masseer
Speel van Bingo
Biduur
Biblioteek
Kuiers
Stap (Dorp)
Uitstappies

9.2 BEDANKINGS

Ons wil nie uitsonderings maak nie, maar vergun ons die geleentheid om die volgende persone en/of instansies te bedank vir hulle bydrae

Overberg Tehuis Beheerraad
NG Kerk Riviersonderend
Badisa Bestuursprogram
Departement Maatskaplike Dienste
Drs. Philippe & Hannah du Preez
Stipp Apteek (Me. C. Dicks (Apteker)
Ds Anthonie Welman
Riviersonderend Kliniek
Riviersondeend Gholf Klub
Riviersonderend Biblioteek
Alexanderskloof Skiet Klub
Vrywilligers vir u tyd en betrokkenheid
Gemeenskap van Riviersonderend en Overberg omgewing

Luk 6:36 Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.

Ons het groot waardeering vir al ons donateurs vir hulle bydrae om dit moontlik te maak om Overberg Tehuis se deure oop te hou en versorgings dienste te kan lewer aan ons Inwoners. Elkeen se bydrae het ‘n verskil gemaak.

aQuellé, ProVérte, Ozone Technologies(Pty) Ltd, JH Hattingh, MC van der Wal, MHJ Services Netting, Equalizer Ag (Pty) Ltd, Bredasdorp Retreaders, Thornlands Pakstoor (Pty) Ltd, Sentraal-Suid Koöperasie BPK, Laeveld Agrochem, ZB van Deventer, Fireproof Training Academy, Voetspore Gastehuis, JW Worx, WJ Griessel, C Mc Clennan, Piet Blom Bk, Wilkloof Boerdery, CSP Construction PTY Ltd, Vredeberg Trust, A Beyers, Hoërskool Riviersonderend, Mnr van Niekerk, Johan van der Merwe, Driekie van Staden, Mnr R Stipp, Andreas Kritzinger, Sanlie Roelofse, Tsogo Sun Caledon (Pty) Ltd (Caledon Casino), Human,Swart & Groenewald, Schalk-Willem Viljoen, Susan Human, NG Kerk Riviersonderend, Dr Zane Leff, Helma Malan (Potgieter), Badisa Riviersonderend, AVBOB Caledon, Evert Neethling, Erik Muller, Winnie Botes, Esther Eybers, Wimpie Cloete, Andre von Willigh, D Kingwill, Glaudine Foote, Roxanne Otto, Chris-Thys Groenewald, Morne van Dyk, Drikus Human, R Sanet, Kooitjie Viljoen, Oumeul, Marelize Wessels, Elma Putter, Marina Human, Gena Viljoen, Stephen Potberg, RSE Hekel & Brei, Western Cape Community Chest, Kleinberg Hardeware, Heinrich Eybers, Dasberg Boerdery, Hilton Wall, Noordhoek (Indigo Fruit Farm), Riviersonderend Tennis Klub, Charmoné van Zyl (Ms Hope International 2025), Leoné van Deventer, Kind2Hearing Somerset Wes, Wilna Jansen van Rensburg

Gal 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.



Tannie Magret de Wet

Ouma se Hande

Ouma, so negentig plus jare oud, het kragteloos op die stoep bank gesit. Sy het nie beweeg nie, net daar gesit met geboë hoof en gestaar na haar hande. Toe ek langs haar gaan sit het dit nie eens gelyk of sy my opgemerk het nie en ek het gewonder of sy in die haak is.

Uiteindelik, nie soseer om haar te pla nie maar om net te hoor of sy reg is vra ek haar, Is alles reg? Sy lig haar kop op en glimlag vir my. “Ja, my kind, ek is reg en dankie dat jy vra.” Antwoord sy in ‘n sterk helder stem.

“Ek het nie bedoel om ouma te pla nie, maar ouma het so ingedagte na ouma se hande gestaar en ek wou net seker maak alles is nog reg.” verduidelik ek aan haar.
“Het jy al ooit na jou hande gekyk,” vra sy. “Ek bedoel regtig na jou hande gekyk?”

Ek het stadig my hande oopgemaak en afgekyk na hulle. Ek het hulle omgedraai, palms op en toe na onder. Nee, ek skat ek nog nooit regtig so intens na my hande opgelet nie terwyl ek probeer bepaal wat die punt is wat ouma wil maak.

Ouma glimlag en begin die storie te vertel: “Stop en dink vir ‘n oomblik na oor die hande wat jy het, hoe goed hulle jou al gedien het deur al die jare van jou lewe. Die hande, alhoewel vol plooie, bewend en swak is en was die gereedskap wat ek deur my hele lewe gebruik het om die lewe aan te gryp en te omhels.”

“Hulle het gekeer en my val gestuit as kleuter elke keer wat ek gestruikel of geval het. Hulle sit kos in my mond en trek vir my klere aan. As ‘n kind het my moeder my geleer om hulle saam te hou in gebed. Hulle het my skoene vasgemaak en my stewels opgetrek. Hulle het my man vasgehou en my trane afgedroog tot hy weg is oorlog toe.”

“Hulle was al vuil, vol skrape, rou van wonde, geswel en gebuig. Hulle was dom en onervare toe ek my pasgebore seun wou vashou. Versier met my trouring het hulle vir die hele wêreld gewys dat ek getroud is en iemand spesiaal lief het. Hulle het my briewe aan hom geskryf en gebewe en geruk toe ek my ouers en my eggenoot begrawe het.”

“Hulle het my kinders en my kleinkinders vasgehou, my bure vertroos en in ‘n vuis geskud van woede wanneer ek nie verstaan nie.”

“Hulle het my gesig bedek, my hare gekam en die res van my liggaam gewas en gereinig. Hulle was taai en nat, gebuig en gebreek, uitgedroog en gebars. En tot op hede wanneer die meeste van my nie meer so lekker funksioneer nie hou hierdie hande my op, lê my neer en steeds is hulle gevou in gebed.”

“Die hande is die kenteken van waar ek oral was en die hardheid van die lewe. Maar die belangrikste, dit sal die hande wees waarna God sal uitreik en neem wanneer Hy my huistoe lei. Met my hande sal Hy my optel aan Sy sy en daar sal die ek die hande gebruik om die aangesig van ons Verlosser aan te raak.”

Ek sal nooit weer na my hande op die dieselfde wyse kyk nie. Maar ek onthou dat God uitgereik het en ouma se hande geneem het en haar huistoe gelei het.

Wanneer my hande vol pyne of seer is of wanneer ek die gesigte van my kinders of my man streel dink ek aan ouma. Ek weet sy is gestreel, vertroetel en vasgehou deur die hande van God

Ek self, wil die aangesig van God aanraak en Sy hande voel op my gesig.

(Psa 28:2) Hoor die stem van my smekinge as ek U aanroep om hulp, as ek my hande ophef na die binneste van u heiligdom.

Bron: God se Genade, facebook plasing 24 Februarie 2019

OVERBERG TEHUIS

'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

Geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk (OSW 011-891)
Publieke Weldaadsorganisasie (930006348)
ABSA Bank, Tjekrekening, Takkode: 632, Rek no: 4043510
BTW no: 4350 115 202

www.overbergtehuis.co.za

Badisa